Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

13 September 2024 Uitgawe: 10 /3/2024

# UIT DIE KANTOOR

So kom ons aan die einde van nog 'n kwartaal, wat beteken dat dit die laaste uitgawe is vir hierdie kwartaal.

**Musiekaande:**

Baie dankie aan ons Musiekdepartement en al die musiekleerders wat gesorg het vir twee aande se heerlike vermaak waar leerders hul talent kom uitstal het. Dis lekker om te sien dat Tjokkies 'n gebalanseerde skool is waar sport, kultuur en akademie hoogty vier.

**Kwartaalverslae:**

Met die akademiese program wat bietjie vroeër afgehandel is, het dit ons in staat gestel om reeds volgende week ons leerders se rapporte te kan uitdeel. Hierdie kwartaal was daar hoofsaaklik gefokus op take en opdragte wat aangevul was met 'n volwaardige toetsreeks. Ons vertrou dat die kinders sommer baie mooi presteer het.

**Vroeë sluiting:**

Volgende week se skoolprogram is so bietjie aangepas as gevolg van die spelkompetisies vir Gr.1-4, fotodae, asook ons Erfenisdag-feesvieringe op Donderdag, 19 September. Hierdie dag word ook afgesluit deur 'n speletjiesdag wat deur ons Voortrekkerkommando aangebied word. Leerders kan 'n bandjie teen R55 per persoon aankoop (op Karri beskikbaar) waar hulle dan by verskeie speletjies kan deelneem.

**Let wel dat die skool dan op Donderdag, 19 September om 12:00 sal verdaag.**

Die skool sluit amptelik Vrydag, 20 September om 10:00 vir die kort Septembervakansie.


Dit was 'n rowwe en besige kwartaal. My wens is dat elke gesin hierdie vakansie rus en vol energie sal terugkom vir die laaste deel van die jaar. Ry asb. veilig indien u die langpad aandurf.

**Vakansie aktiwiteite:**

Sterkte aan ons o/11 en o/13 krieketspanne wat hierdie vakansie aan hul onderskeie kriekettoernooie sal deelneem. Die o/13 seuns speel in Senekal en die o/11 seuns speel in ons eie toernooi wat hier in Bloemfontein op verskeie velde plaasvind. Onthou om altyd "NET MY BESTE" te gee.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 14 Sept.: | Gr.1-2025 Verwelkomingsdag |
| 16 Sept.: | Gr.1-4 Spelkompetisie |
| | Finkom vergadering |
| 17 Sept.: | Sport- & Kultuurfoto's |
| 18 Sept.: | Sport- & Kultuurfoto's (gaan voort) |
| | Gr. 6 Ouer- en leerdervergadering – Leerderraadsverkiesing |
| 19 Sept.: | Erfenisdag-feesvieringe en Voortrekker speletjiesdag |
| | **Uitdeel van rapporte** |
| 20 Sept.: | Skool sluit om 10:00 |
| 21-24 Sept.: | Voortrekkers Doornkloof gebiedskamp |
| 23-25 Sept.: | o/13 Kriekettoernooi (Senekal) |
| 26-28 Sept.: | o/11 Kriekettoernooi (Bloemfontein) |
| 1 Okt.: | Skole heropen |



# VERJAARSDAE

| | |
|---|---|
| 17 Sept.: | Mnr. Hermann Davin (Gr. 4) |
| 26 Sept.: | Juf. Christelle Swart (KS) |
| 3 Okt.: | Juf. Hanlie van Dyk (Gr. 5) |

# UITSLAE

Hierdie landlopers het ons die afgelope naweek baie trots gemaak by die SA kampioenskappe in Vanderbijlpark.

Nie net het hulle die Vrystaat se naam hoog gehou nie, maar Tjokkies s'n ook! 🌟

Ons is baie trots op julle harde werk en puik uitslae.

**Dogters 0/8:**

-Lenike van den Berg- 42ste

**Dogters 0/9:**

-Mianique van Straten- 5de

-Leah Steyn- 13de

-Mila Weldhagen- 87ste

| TEAM COMPETITION G9/2 | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| POSITION 1 | Gold | | | | | | |
| 3 | 1004 | Aléri | SCHOEMAN | AGN | G09/2 | 07:48 | Athletics Gauteng North |
| 6 | 997 | Alexa | JUNGBLUTH | AGN | G09/2 | 08:03 | Athletics Gauteng North |
| 10 | 995 | Emma | COX | AGN | G09/2 | 08:24 | Athletics Gauteng North |
| 11 | 1003 | Marna | POTGIETER | AGN | G09/2 | 08:25 | Athletics Gauteng North |
| 30 | | | | | | | |
| POSITION 2 | Silver | | | | | | |
| 2 | 980 | Bokamoso | MBELE | AFS | G09/2 | 07:45 | Athletics Free State |
| 5 | 990 | Mianique | VAN STRATEN | AFS | G09/2 | 08:01 | Athletics Free State |
| 12 | 975 | Jessica | BOTHA | AFS | G09/2 | 08:27 | Athletics Free State |
| 13 | 989 | Leah | STEYN | AFS | G09/2 | 08:27 | Athletics Free State |
| 32 | | | | | | | |
| POSITION 3 | Bronze | | | | | | |
| 1 | 1061 | Mila | SCHOLTZ | CGA | G09/2 | 07:34 | Central Gauteng Athletic |
| 4 | 1062 | Alexia Chantelle | VISSER | CGA | G09/2 | 07:59 | Central Gauteng Athletic |
| 7 | 1058 | Azaniah | LEBE | CGA | G09/2 | 08:16 | Central Gauteng Athletic |
| 31 | 1056 | Milané | GOUWS | CGA | G09/2 | 08:47 | Central Gauteng Athletic |
| 43 | | | | | | | |

**Tjokkies wens graag die volgende leerders baie geluk en sterkte toe! Hulle is tot die Suid-Vrystaat Tweekampspan verkies. Hulle gaan op 28 September in Bloemfontein deelneem.**

**o/8 Seuns**

John Mark Marais: SFS A-Span

**o/9 Seuns**

Ernst Niemann: SFS A-Span

**o/11 Dogters**

Menay de Kock: SFS B-Span

**o/11 Seuns**

Ludwig Niemann: SFS A-Span

Danelo Vermeulen: SFS B-Span

**o/13 Seuns**

Janré Slabbert: SFS C-Span

**o/15 Seuns**

Corné Liversage: SFS A-Span

**o/15 Dogters**


Cailyn de Kock : Reserwe 1

## PRYSUITDELING




## UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Koop jou kaartjies of tafel en wees deel van 'n fondsinsamelingsaand met hope pret!






Ons nuwe sportgronde kort GRAS vir ons kaalvoet-leerders wie die skoene van die toekoms moet volstaan:

Kom help om hierdie 6 000 $m^2$ vol te maak. Koop per Karri en onthou:

*So….wees eerder 'n "grasshopper"*

*as 'n Shein "shopper"!!!!*

*Sien solank uit na 'n nuwe grasperk,*

*Ons gaan nog baie hard moet werk!!!*

Heerlike gelukstrekkings vir ons "Grasshoppers" en die klas wie die meeste blokke koop, gaan 'n Vrydag vroeër huistoe en kan daardie dag gewone klere aantrek. Die tweede plek vir die klaskompetisie is 'n heerlike 15 minute langer pouse op 'n spesifieke dag met gewone klere en die derde plek kan gewone klere aantrek op 'n spesifieke dag. Ook gaan al drie hierdie plekwenners 'n lekker eet-verrassing ontvang.

# VAN DIE MAMMAS WAT BID

“In die begin het God die hemel en die aarde geskape. En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters. En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig. Toe sien God dat die lig goed was."
GÉNESIS 1:1-4 AFR53


Dis vir my *amazing* om te weet dat God lig kan bring in enige situasie wat woes en leeg en donker is!

Ja, selfs in onverstaanbare, diep teleurstellings en verliese kom skyn God Sy lig in die vorm van hoop! ‘n Gelouterde hoop wat soos Jesus, net voordat Hy die dood konfronteer in die tuin van Getsemane, kan sê: "...nie my wil nie, maar U wil geskied..."

Ons kan vertrou dat God se wil die heel beste inhou; al verstaan ons nie. Ons kan met oortuiging sê God is lief vir my en Hy weet wat Hy doen. Hy bly soewerein!

Ons sien deur God se wil en Jesus se dood dat die onskatbare geskenk van ewige lewe vir die wêreld vandag beskikbaar is! Soveel het die lewe as gevolg van Sy dood!

“In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie.”
JOHANNES 1:4-5 AFR53


Kia Sonet
The best just got better.
0% Deposit, 0% Balloon from
R 4 699pm
On a step payment plan
Ts & Cs apply. E & OE.
Kia Bloemfontein
52 Zastron Street
051 403 4200


VOLVO
Experience the power of innovation
in the new Volvo XC40 Mild Hybrid
and get R40 000 assistance
Volvo Cars, 52 Zastron St,Bloemfontein Central, Bloemfontein, 9301, Free State I 051 403 4200
www.bloemfontein.volvocars.co.za


BALLET-DANCE-
GYMNASTICS
HAIR-BUN-GEL
0824625507
200 ML @ R80
BUY BOX OF 13
GET 1 FREE
DELIVERY BY PUDO
EXTRA R100 PER BOX